ARTIKEL

*deur J M L Horn*
*Departementshoof Geskiedenis*
*Onderwyskollege Goudstad*

# Die Geskiedenislokaal as Stolpunt van Leerlingaktiwiteite

**1. Die belang van leerlingaktiwiteit**

Marjorie Reeves maak in haar boek *Why History?* (1980, Londen. p. 61) gewag van die sogenaamde "activity revolution" wat veral sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n kenmerk van onderrig geword het. In die verband merk sy op: "No learning is complete without some activity of body, mind or imagination" (Reeves: 61). Hiermee plaas sy die kroon op die bevindinge van kundiges soos Piaget, Hallam, Thompson en Davies: 'n verbale onderrigmetode is wat kinders in die periode van konkrete operasies betref onlogies en onvanpas, kortom, onopvoedkundig. Eerder sal die onderwyser besondere aktiwiteitsmetodes aanwend om die leerinhoud vir leerlinge toeganklik te maak. Aan die ander kant sal leerlinge aktief by die verwerwing en bemeestering van die leerinhoud betrokke gemaak moet word.

Leerlingaktiwiteite wentel in hoofsaak om twee sake: die kognitiewe én die motoriese. In hierdie artikel word die klem geplaas op die motoriese. In die verband behoort die onderwyser die volgende in gedagte te hou:

* Primêreskoolleerlinge is fisiek op hul energiekste. Enige benadering dus wat leerlinge bewegingsvryheid gee, of wat hul selfs die geleentheid sal gee om 'n lang wandeling te onderneem, soos byvoorbeeld in veldwerk by plaaslike geskiedenis, is 'n welkome benadering (Pamela Mays, *Why teach History*? 1974, Londen. p. 20).

* 'n ander belangrike aspek is die leerling se onuitputlike nuuskierigheid. Kinders in hierdie ouderdoms groep is intens geïnteresseerd in alles om hulle.

* Hulle hou daarvan om met hulle hande te werk - om die waarheid te sê, dit lyk asof hulle met hul hande dink. Geen wonder nie dat hulle daarvan hou om te modelleer en te verf.

* Hul sintuie is skerp, sodat prente, kleure en geluide 'n groot impak op hulle het.

* Kinders van die ouderdom is baie verbeeldingryk.

Die "tradisionele" leerlingaktiwiteite is waarskynlik aan die meeste lesers bekend. Dit is egter tog goed om by hernuwing hierna te verwys, al is dit om

* ons bloot daaraan te herinner,
* ons tot verdere verfyning aan te moedig,
* ons te oortuig dat die onderwyserstem vervang kan word,
* leerlinge groter omgang met die leerinhoud/verlede te laat ervaar,
* leerlinge deur konkretisering tot abstraksie en begrip te lei,
* leerlinge 'n aandeel in die skep van 'n geskiedenis atmosfeer te gee en
* 'n groter en meer tasbare genot aan die onderrig- en leergebeure te verskaf.

Die geskiedenislokaal is die werkplek van onderwyser én leerling. Maar dié lokaal is ook meer as dit - dit is die plek waar die leerlinge die verlede as't ware ontmoet. Hieruit lei ons af dat die lokaal

* die onderwyser se geesdrif (of gebrek daaraan) weer spieël,
* die verlede bekend stel,
* die leerling uitnooi om die verlede te beleef,
* 'n rustige historiese atmosfeer adem,
* leerbedrywighede stimuleer en
* 'n stolpunt van leerlingaktiwiteite kan wees.

Daarom is die Geskiedenislokaal 'n heel besondere vertrek. Hier is die **oorspronklikheid, beplanning** en **oorleg** noodsaaklike eienskappe. Dit is dus tegelyk'n toonbeeld van die onderwyser én leerlinge se oorspronklike bemoeienis met die verlede en die werktuie van die verlede, terwyl die voorkoms van die klas die uitkoms is van die onderwyser se vermoë tot deeglike beplanning en oorleg.

Afwisseling in die voorkoms van die lokaal is nie net gewens nie - dit is uiters noodsaaklik omdat dit wat uitgestal word, nie vermaakmiddele is nie, maar leer- en onderrigmiddele. Die lokaal weerspieël daarom ook die besondere tema wat behandel word.

Ten einde 'n historiese atmosfeer in die Geskiedenislokaal te skep, moet die onderwyser die leer

ling voldoende leiding verskaf in die vervaardiging en versameling van die verskillende items. Die volgende is tipiese visuele beelde wat in die lokaal aangebring kan word - iets waarby die leerling ywerig sal en kan meehelp.

**2. Prentmateriaal**

Deur prentmateriaal word die verlede vir die leerling (deels) toeganklik. Sodoende word 'n verledebeeld opgebou en leerlinge teruggeplaas in die tyd. Vroeër is juis gesê dat historiese denke die vermoë is om jou terug in die verlede te verbeel. En prentmateriaal doen juis dit!

**2.1 Die aanwending van prentmateriaal**

Dit bly belangrik om dit te benadruk dat prente onderrigen leermiddele is. Dit bring 'n belangrike eis na vore: **PRENTE KAN NIE OP 'N LUKRAKE WYSE EN PLANLOOS IN DIE LOKAAL AANGEBRING WORD NIE!**

Die gewenste wyse waarop met prentmateriaal te werk gegaan kan word, is om 'n **groep prente** aan 'n bepaalde **lestema** te koppel. As ons dan byvoorbeeld in standerd 2 BELIGTING behandel, kan onderwyser en leerling 'n reeks prente om dié tema bou. So is daar in elke standerd etlike prentuitstallings rondom verskeie temas moontlik.

Dit bly belangrik dat so 'n reeks 'n geïntegreerde deel van ons les(-se) sal vorm, anders is die moeite dalk vergeefs. Ons moet dus tydens ons lesaanbieding direk daarna verwys en dit doelbewus by ons les inskakel. Die prente word dus gebruik om die leerlinge pertinent op die verledelewe te wys sodat hulle self intelligente waarnemers kan word. Ook kan die prente, indien van toepassing, so aangebring word dat die historiese ontwikkelingslyn deurgetrek kan word. By BELIGTING kan prente bv. so gerangskik word dat die leerlinge die verskillende fases in die ontwikkeling kan raaksien: van 'n oop vuur tot die moderne aanwending van elektrisiteit. Onthou, geskiedenis handel om die totale lewe van die mens soos wat dit deur die tyd ontwikkel het. Prente kan dus bydra om die leerlinge se sin vir die chronologiese ontwikkelingsverloop in te skerp.

Die vraag kan nou gestel word hoe so'n rangskikking gedoen word. Daar is hoofsaaklik twee maniere:

*** Op 'n groot kartonvel**

Daar is tans verskeie groottes kartonvelle in die handel beskikbaar - wat meer is, dit is in helder kleure beskikbaar. Prente, of dan selfs fotostate daarvan, word dan hierop vasgeplak. (Onthou die ontwikkelingsgedagte - waar van toepassing!)

Daar hoef nie net met een kartonvel per tema volstaan te word nie. Aan die ander kant moet leerlinge ook nie met massas materiaal oordonder word nie - mens moet ook waak teen moontlike verwarring.

*** Op 'n prentefries**

'n Prentefries dien dieselfde doel as die vorige tipe. Dit het egter drie belangrike voordele:

° Dit is iets "anders" wat leerlinge as't ware lok.
° Dit is maklik hanteerbaar en bergbaar.
° Dit kan 'n wye verskeidenheid items bevat.

Dit werk soos volg:

Velle karton (soveel soos nodig) van ongeveer 240 mm x 300 mm word deur middel van hegstroke - iets soos maskeerband of isoleerband - aan mekaar geheg om dan soos'n konsertina toe te vou. 'n Netjiese, passende buiteblad word vir die voorkant ontwerp. Verkieslik word groterige prente gebruik wat elke faset uitlig en belig. Die prente word dan een na die ander oopgevou soos die les ontwikkel. Aan die einde van die les kan die prentefries uitgestal word. (Dink aan die stimulerende effek daarvan as 'n leerling vind dat sy prentefries uitgestal word!)

Desnoods kan die agterkant van die prentefries vir 'n ander tema gebruik word. Op dié manier kan 'n veeldoelige onderrigmiddel geskep word.

**3. Kaarte**

Die gebruik en maak van kaarte is 'n onontbeerlike onderrig- en leermiddel vir onderwyser én leerling. Die rede is voor-die-hand-liggend: geskiedenis speel op 'n bepaalde plek af. Dit is daarom vanselfsprekend dat leerlinge hulle ook teenoor die bepaalde plek waar'n besondere gebeurtenis plaasgevind het, sal oriënteer. Dit gee aan hom groter duidelikheid aangaande die verlede en stel hom gevolglik in staat om hom terug in die verlede te verbeel. Vir die doel van die artikel let ons veral op die maak van 'n kaart deur die leerling:

**3.1 Grootskaalkaarte op karton**

Daar is 'n paar vereistes waaraan 'n goeie kaart moet voldoen.

- Dit wat na vore gebring moet word, moet duidelik onderskeibaar wees. As bv. die Trekroetes, die vestiging van Vryburgers, die stryd om die diamantvelde, die groei en uitbreiding van die Christendom, of watter onderwerp ook al, behandel word, moet daardie aspek duidelik opvallend wees. Hiervoor is die gebruik van helder kleure beslis onmisbaar.

* Die skrif moet duidelik leesbaar wees. Gewone standaardskrif sonder tierlantyntjies is as't ware voorskriftelik. Die kaart is tog nie in die eerste plek 'n versiering nie, dit bly n onderig- en leermiddel.

## Die Geskiedenislokaal as Stolpunt van Leerlingaktiwiteite

* Die kaart moet histories juis wees. As 'n kaart bv. oor die neentiende-eeuse Trekroetes handel, sal hedendaagse dorpe/stede of lug-, spoor- en verkeerroetes nie daarop aangebring word nie. Dit moet dus ook met die historiese tyd ooreenstem.

* Die kaart moet volgens skaal geteken word. Dit beteken dat die verhouding daarop korrek moet wees.

* Die kaart moet werklikheidsgetrou wees. Suid-Afrika moet minstens n getroue weergawe van die werklike buitelyn van die land wees - nie sommer na gedagte nie. (Dit geld natuurlik vir alle kaarte.) Een van die beste metodes is om 'n kaart vir 'n transparant voor te berei, die beeld op die kartonvel te projekteer en dit dan ten slotte daarop af te trek. **Leerlinge moet hiermee gehelp word!**

* Die kaart moenie te veel besonderhede hê nie. Slegs dit wat vir die betrokke doel ter sake is, moet uitgelig word. Eenvoud bly dus die wagwoord.

### 4. Modelbou

Ons het al by herhaling gesê dat die verlede nou maar eenmaal nie eerstehands ervaar kan word nie. Die suksesvolle onderwyser sal daarom enige sinvolle manier bedink om die verlede vir die leerling toeganklik te maak.

Deur middel van modelbou kan die onderwyser in 'n mate daarin slaag om bepaalde verledebeelde konkreet voor te stel. So word daar dan ook probeer om die konkrete denklaag voldoende te "stoffeer" sodat die leerling tot 'n beter insig kan geraak.

Verskeie media kan vir die doel gebruik word: seep, klei of gips is bv. maklik verkrygbaar. Ook papierpap (koerantsnippers gemeng met muurpapiergom) kan maklik self gemaak word. Net so nuttig is dit wat in die handel as Polyfilla bekend staan.

#### 4.1 Voorbeelde van modelle

Prente en voorstellings in die onderskeie handboeke behoort ons al 'n haas onuitputbare reeks voorbeelde te gee wat gedoen kan word. Mens kan egter se dat enigiets wat die verlede binne die leerling sê ervaringswereld kan plaas, werd is om per model voor te stel. Die volgende dien bloot as leidraad - enigeen kan hierby nog voorbeelde voeg:

- bepaalde argitektuur
  - * Suid-Afrika: hartbeeshuis
    - : Kaaps-Hollandse boustyl
    - : pioniershuis
    - : ens., ens.
  - * Elders : Egipties
    - : Grieks
    - : Romeins
    - : ens., ens
- wapentuig (ontwikkeling tot hede
- vervoermiddels deur die eeue
- kleding deur die tyd
- ontwikkeling van skrif
- besondere tonele: Kaap as verversingspos
  - : Voortrekkerlaer
  - : Zoeloestat
  - : monumente/standbeelde
  - : gevegsterreine
  - : ens., ens.
- ander voorbeelde soos self bedink

### 5. Leerlingbydrae

Vroeër is gesê primêreskoolleerlinge is veral lief om met hul hande besig te wees. Modelbou bied daarom vir hulle 'n uitstekende geleentheid om uiting hieraan, maar ook aan hul kreatiewe vermoens en skeppingsdrange te gee. Leerlinge verskil egter onderling baie in die opsig. Nie almal is ewe handvaardig nie. Die goeie onderwyser sal sy leerlinge se indiwiduele vermoëns ken en weet waartoe elkeen in staat is.

Deur leerlinge die geleentheid te gee om self by modelbou betrokke te raak, voldoen die onderwyser aan 'n belangrike eis, naamlik om leerlinge toe te laat om op 'n veel direkter manier met die verlede bemoeienis te maak. Wat meer is, húl bydraes dien op sigself tot die skepping van 'n geskiedenisatmosfeer in die Geskiedenislokaal.